

25 Augustus 2019

# Graad 4 – 7 Kategese

OUPA ABIE GESELSBLAD

## Hebreërs 12:18-29

wat wil jy vandag **bereik**?

Ons is bly om Jesus te volg, nie bang nie.

ons **storie**: waar is ons nou?)

Dink jy mense is bang en versigtig vir God, of vrolik en bly om nader te hardloop?

Hoekom dink jy is dit so?

As iemand lank bang vir God was en te bang om te probeer om in 'n verhouding met God te staan, wat sou jy vir hom/haar sê?

### **GOD** se **storie**

wat sê **die Bybel** (daar en dan)

lees **Hebreërs 12:18-29** saam as 'n groep. Kyk dan die **Oupa Abie video** wat gaan oor die teksgedeelte

nouts  
praktiese wysheid...



**Nous** volg drie hoofbewegings in ons kategese-benadering.

#### **1. Ons eie storie**

*Die eerste gedeelte vra vrae oor ons huidige belewenisse en sienings oor 'n sekere tema.*

#### **2. God se storie**

Die tweede gedeelte hanteer die teks van die week. Meesal gaan die Abie video daarvoor. Vrae oor die teks word gevra.

#### **3. Ons nuwe storie**

In die laaste fase gesels ons oor die betekenis van God se storie in ons lewens. Ons integreer wat ons gehoor het, by ons eie lewens.

#### **Moontlike AKTIWITEIT vir voor of na die tyd**

Teken saam twee groot prente: Een is die verskyning van God by Sinai soos in Eksodus 19. Die ander een is van Sion (Jerusalem) soos in die hemel. Julle kan dit saam in twee groepe doen. Elke groep teken een van die berge.



## gesels dan oor die volgende saam

Hoe help Manie Muisenberg jou om die gedeelte beter te verstaan?

Watter verskil sien ons was daar met God se verskyning by Sinai (Eksodus 19) en hoe God verduidelik word by Sion?

As jy 'n gelowige was wat in die inhoud van die Ou Testament glo, maar nog nie in die Nuwe Testament nie – hoe sou iemand jou moes help om in Jesus te glo? Wat sou jy moes hoor? Kry Hebreërs 12 iets hiervan reg?

Hoe help Hebreërs 12 mense om nie vir God bang te wees nie, maar eerder vir Jesus te volg?

## ons nuwe storie (verder en voor)

(Hoe ons nuut, dink, doen en leef in die wêreld rondom ons)

Wat sê die verskil tussen Eksodus 19 en Hebreërs se beskrywing van Sion oor God en die toekoms?

Hoe help die storie van Jesus en God wat saggies fluister dat God ons liefhet, jou om God te volg?

Hoe lyk jou week wat voorlê? Het Hebr. 12 iets daarvoor te sê?

## na die erediens

As julle groep na die erediens bymekaarkom waarin die teks hanteer is

Noem enige iets uit die prediking wat jou geraak het of wat jy nie verstaan nie.

Wat dink julle was die hoofgedagte? Kan julle dit in een sin opsom?

## bid vir mekaar

Loof Jesus omdat Hy so 'n liefdevolle en getroue voorbeeld vir ons is.

Bid dat julle sal volhard om met blydschap vir Jesus te volg.

Bid vir toetse en eksamen wat voorlê.

